higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2

(5050012)

21 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

182Q1N2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 2
TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1 Kinders leer deur hul idees en ervarings tydens deelnemende leer te deel.

1.2 Mense leer deur hul vier sinne ('senses') en hulle beskik oor verskillende ervarings en persepsies oor hul omgewing.

1.3 Leerders bring hul eie voorkennis saam klas toe.

1.4 Goeie leerders is nie baie aktief in die klas nie.

1.5 Reflektiewe denke is wanneer leerders oor ander mense se opinies nadink.

1.6 Alle kinders van sesjarige ouderdom is op dieselfde kognitiewe ontwikkelingsvlak.

1.7 Kultuur bestaan uit oortuigings, simbole en interpretasies wat mense van dieselfde groep deel.

1.8 Kinders kan eers van sewe- of agtjarige ouderdom af begin abstrak dink.

1.9 Goeie onderrig in kleuterskole en dagsorgsentrums sal tot die ekonomie van die land bydra.

1.10 Ekonomiese ontwikkeling is ‘n belangrik behoefte met betrekking tot leerinhoud.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Kennis verwys na ...

A inprent die mag wat jy ken
B inligting, vaardighede en begrip wat deur leer verkry word
C die gebruik van jou intuïsie
D om met iets of iemand vertroud te wees

2.2 Reeks idees wat daarop gerig is om iets oor die wêreld te verduidelik.

A Rasioneel
B Universeel
C Teorieë
D Persepsie

2.3 ... is die teorie wat gebaseer is op waarneming, praktiese ervarings en eksperimente eerder as teorieë.

A Empirisme
B Rasionalisme
C Konstruktivisme
D Pragmatisme

2.4 Die onderwyser moet seker maak dat ... vir die leerders toepaslik is.

A leeruitkomste
B inhoud
C leerareas
D hulpbronne

2.5 Die skeiding tussen die areas moet op ... -hoogte wees sodat die opvoeder kan sien wat in elkeen gebeur.

A lae
B medium
C hoë
D baie hoë

2.6 Watter van die volgende hulpbronne is nie veilig om vir voorskoolse kinders se kunsaktiwiteite te gebruik nie?

A Groot velle tekenpapier.
B Stomp skêre.
C Emaljeverf.
D Verskillende groottes leë bokse.

2.7 Die ... neem die sentrale posisie in die leeraktiwiteit in.

A onderwyser
B hulpbronne
C inhoud
D leerder

2.8 Die aanvaarding van kulturele diversiteit beteken ...

A groep leerders van dieselfde ras in een klas.
B onderwysers gebruik een taal om verskillende leerders te onderrig.
C insluiting van leerders uit alle agtergronde en kulture.
D bevoordeel leerders volgens hul kultuur.

2.9 Die onderwyser as 'n ... is in 'n posisie om geleenthede aan leerders te bied om kritiese denkers te wees.

A fasiliteerder
B ma
C gelowige
D verskaffer

Kopiereg voorbehou

2.10 'n Bevoegde onderwyser ...

A help leerders en simpatiseer met hulle.
B dwing leerders om die hele tyd te leer.
C dwing dissipline af.
D laat baie vryheid in die klas toe.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die onderwyser tree so op dat die leerders die gedrag wil naboots	A	demokratiese onderrig
3.2	Tydens onderrig gee die onderwyser deurlopend aandag en hou rekord van hul vordering	B	deelnemende onderrig
3.3	Die onderwyser gebruik metodes om kreatiewe en kritiese denke aan te moedig	C	mentor
3.4	Gee aan iemand mag en gesag oor hul lewe of situasie	D	kommunikasie
3.5	Die leerder en die onderwyser het elkeen 'n rol om te vervul vir onderrig om te slaag	E	ruimtelike verwantskappe
3.6	'n Persoon dink oor homself/haarself en nie oor wat ander mense mag dink of wil hê nie	F	assessor
3.7	Die gebruik van taal, tekeninge en ander instrumente om te beskryf wat jy waargeneem het	G	insluiting
3.8	Die ontdekking van verwantskappe soos voor, agter, bo, onder, links, en regs	H	bemagtiging
3.9	Dit bestaan uit gedeelde oortuigings, simbole en interpretasies in 'n mens	I	kultuur
3.10	Leerders is in staat om tydens onderrig en leer toegang tot gelyke geleenthede te hê en te kry	J	egosentries
		K	terughouding
		L	verhouding

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1 – 4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

portuurleer; ouers; handboeke; onafhanklik; bevorderlik; sosiale ontwikkeling; selfdissipline; taalvaardighede; selfbestuur; geldigheid; toeganklikheid; assessering; skoolgereed

4.1 Om outonoom te wees moet 'n leerder ... wees.

4.2 Die doel van 'n kleuterskool is om kinders voor te berei om ... te wees.

4.3 Wanneer leerders werk kan doen sonder om gesê te word om dit te doen, beskik hulle oor ... .

4.4 Die onderwyser moet 'n area skep wat ... sal wees vir individuele en outonome leer.

4.5 ... is wanneer 'n voorskoolse kind 'n gesonde verhouding met ander kinders het.

4.6 ... moedig 'n kind aan om sosiale kontak en kommunikasie te bewerkstellig.

4.7 ... help onderwysers om seker te maak dat leerinhoud korrek is en belangrike betekenis vir die leerder inhou.

4.8 ... is gedrukte materiaal wat in diverse klaskamers gebruik kan word.

4.9 ... is ryk bronne van inligting vir multikulturele onderrig.

4.10 ... vind plaas wanneer ouer kinders jong kinders help om die leerinhoud tydens onderrig en leer te verstaan.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Definieer die volgende begrippe:

5.1 Doelwit

5.2 Rasioneel

5.3 Aanspreeklik

5.4 Ywerig

5.5 Ontwikkel ('evolves')

5.6 Kontekssensitief

5.7 Agterstand

5.8 Inklusief

5.9 Papegaaileer

5.10 Sensoriese organe

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:



FIGUUR 1



FIGUUR 2

6.1.1 Beskryf die rol van die leerders in FIGUUR 1. (3 × 2) (6)

6.1.2 Verduidelik kortliks VIER aspekte wat verband hou met die rangskikking van die leeromgewing in FIGUUR 2. (4 × 2) (8)

6.1.3 Beskryf EEN oopeinde-, en EEN selfregstellende item wat in 'n klaskamer in FIGUUR 2 teenwoordig moet wees. (2 × 2) (4)

6.2 Stem jy saam of verskil jy daaroor dat die onderwyser Graad R-leerders deur gerigte materiaal ('guide0d materials') kan leer hoe om te bak? Staaf jou antwoord deur DRIE voorbeelde te gee. (1 + 3) (4)

6.3 Noem DRIE vaardighede wat leerders sal ontwikkel wanneer hulle met bakbestanddele eksperimenteer. (3)

[25]

VRAAG 7

7.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Me. Smith berei 'n les vir die Graad 1-klas voor. Sy het die leerder se leerbehoeftes volgens hul ouderdom bepaal om vir toepaslike aktiwiteite te beplan. Sy kies die uitkomste wat die leerders aan die einde van die les moet bereik. Me. Smith het die onderwerp gekies wat die leerders se kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese ontwikkeling sal aanhelp. Me. Smith sal 'n demonstrasie en aanbieding doen en sal besprekings reël. Sy berei speletjies voor sodat die leerders aan die aktiwiteite kan deelneem en dit verstaan. Die dagprogram sluit storietyd, musiek, beweging en vrye spel in. Die materiaal vir elke aktiwiteit is goed georganiseer en toepaslike onderrigmetodes word voor die aktiwiteit geïmplementeer.

7.1.1 Identifiseer SES kontekstuele faktore uit die scenario wat Me. Smith moet oorweeg wanneer sy lesbeplanning doen. (6 × 2) (12)

7.1.2 Gee EEN onderrigmetode onder elke opskrif wat Me. Smith na jou mening kan gebruik om kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese ontwikkeling te dek. (3)

7.1.3 Wat kan Me. Smith doen wat sal aandui dat sy die beginsels van kontekstuele ontleding gebruik het? (2)

7.2 Stel DRIE aktiwiteite voor wat Me. Smith met musiek kan inkorporeer wat met psigomotoriese ontwikkeling sal help. (3 × 2) (6)

7.3 Noem die program wat in Suid-Afrika gebruik word om ongeletterde volwassenes te help. (2)

[25]

VRAAG 8

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Me Thandeka het 'n speel-speel opvoering vir die Graad R-leerders voorberei. Die tema van die opvoering gaan oor hospitale en klinieke. Die hulpbronne sluit items in soos spuitnaalde, leë medisynebottels, stetoskope, wit jasse, ou leesbrille, 'n klein bedjie wat van karton gemaak is, en poppe. Lindy het een kort arm en wil die rol van 'n verpleegster vertolk. Sy sukkel om die verpleegster se jas aan te trek. John help haar om die jas aan te trek. Matome huil toe Sarah, wat voorgee om 'n dokter te wees, vir haar 'n spuitnaald wys. Me. Thandeka stel vir Matome gerus en sê dat dit nie 'n regte spuitnaald is nie. Leerders het die hulpbronne en toerusting gebruik om die rolle van verpleegsters en dokters in die hospitaal en kliniek na te boots. Hulle het wit jasse en leesbrille gedra en voorgegee om dokters te wees. Ander leerders het voorgegee dat hulle pasiënte is. Sommige leerders het gemaak of hulle ma's en pa's is wat hul siek kinders hospitaal toe neem.

Kopiereg voorbehou

8.1 Noem die tipe spel wat leerders in hierdie scenario uitvoer. (2)

8.2 Wie was die teoretikus wat aktiewe ontwikkelingsleeromgewings in skole aangemoedig het? (2)

8.3 Dink jy die onderwyser in die scenario het kinders met spesiale behoeftes geakkommodeer? Staaf jou antwoord met TWEE stellings uit die scenario. (1 + 2 × 2) (5)

8.4 Uit die scenario, identifiseer DRIE invloede wat die swak ekonomie van 'n land op die toekoms van Graad R-leerders mag hê. (3 × 2) (6)

8.5 Bespreek VYF maatreëls wat die regering na jou mening kan instel om die probleem van die swak ekonomie te verbeter. (5 × 2) (10)

[25]

VRAAG 9

9.1 Stel VYF maniere voor waarop outonomie in 'n leersituasie gebruik kan word. (5)

9.2 Waarom dink jy dat die Kuns en Wetenskap van Onderrig in die kwalifikasie wat jy wil behaal, ingesluit moet wees? Gee VIER redes. (4 × 2) (8)

9.3 Definieer die term, *psigomotoriese ontwikkeling*. (2)

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Mnr. Jonty het sy ou televisie skool toe gebring en vertoon programme wat hy opgeneem het vir die kinders. Een van sy leerders het spesiale behoeftes en hy laat die leerder toe om op sy skootrekenaar na die programme te kyk. By die oueraand moedig hy die ouers aan om vir hul kinders te leer hoe om op hul selfone navorsing te doen. Hy het sy selfoon gebruik om video's van die leerders te neem terwyl hulle aanbiedings doen, en het dit na die tyd aan hulle vertoon. Op 'n uitstappie het hy die kinders na 'n winkel geneem en vir hulle gewys hoe goedere met staafkodes uitgeken word. Die leerders was veral geïnteresseerd in die tegnologie en het dit geniet om na verskillende video's te kyk.

9.4 Identifiseer DRIE voorbeeld van die gebruik van tegnologie wat Mnr. Jonty aan die kinders bekendgestel het. (3 × 2) (6)

9.5 Waarom dink jy is dit nodig dat ons oor kennis beskik? (2)

(1 × 2)

9.6 Gee EEN rede waarom Mnr. Jonty toepaslike leerinhoud moet gebruik. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou